Lydsaamheid , as 'n manier van ly,
aanvaar die lyding nie maar gelate nie
maar is nogtans bereid tot lyding
wat spruit uit die wete
dat God daar sal wees

Lydsaamheid, as 'n manier van ly,
aanvaar lyding bewustelik
en die teenwoordigheid van God

met die wete
dat nog 'n stuk van die donkerkant afgekap word
sodat alles meer lig kan word.

amen.

ccx

LY

In ons lyding word ons voor die keuse gestel, die vrye keuse,
om VIR God te kies, of TEEN...

"Jeremia, jy sal nog moeiliker dinge deurmaak. As jy moeg word wanneer jy resies hardloop teen mense, hoe sal jy ooit teen perde kan kompeteer? As jy struikel en val in 'n land waar daar eintlik niks in jou pad is nie, wat sal jy doen as jy in die digte bosse by die Jordaan beland?"
(Jeremia 12: 5 - 6 Die Boodskap).

God sê nie vir Jeremia, toemaar, eendag sal dit beter gaan nie, ook nie dat hy op sy tande moet byt nie, inteendeel,

God sê vir Jeremia, dit sal nog erger raak
Jerusalem lê nog voor
en dit is nie 'n maklike plek met maklike mense nie
Jerusalem het Jesus ontvang, en doodgemaak

maar

God sê vir Jeremia
om op Hom te vertrou,
lyding is 'n daad, 'n keuse,
om te besluit om op God te vertrou. **dus:**
In ons lyding word ons voor die keuse gestel, die vrye keuse,
om VIR God te kies, of TEEN...